# DIS NOG NIE TE LAAT NIE!

Beste vriend, vriendin of vriendelike vreemdeling

So aan die einde van die jaar kyk 'n mens mos graag terug na die jaar wat verby is. 'n Mens kyk na jou wenslysie vir die jaar. Het jy by al jou nuwejaarsvoornemens uitgekom? Is jou doelwitte een-vir-een afgetiek of kan jy nog 'n ekstra bietjie energie insit om daardie laaste paar sake afgehandel te kry?

Ek was hierdie week by die Sinodesitting van die Hoëveld Sinode (vroeër genoem die Suid-Transvaal Sinode) waarvan ons gemeente al vir 40 jaar deel is. Hierdie vergadering kom maar een maal elke vier jaar verby. Dit is verstommend hoeveel daar teruggekyk is na die laaste vier jaar. En was dit nie 'n tyd om te onthou nie – dit was lewensveranderend om deur 'n pandemie te leef en te kon oorleef! Baie mense het tydens die pandemie gesterf. Sommige gemeentes het ook ongelukkig gesneuwel. Die wonde is in party opsigte nog nie genees nie; daar is rofies wat nog nie in letsels verander het nie. Maar op ander plekke het seerkry oorgegaan in mooi stories van vernuwing.

Dit het my laat wonder hoe dit is dat party mense vinniger herstel na seerkry as ander. Het dit te doen met "veerkragtigheid" waar 'n mens eenvoudig na 'n teleurstelling of terugslag kan terugbons? Of moet 'n mens eerder streef om weerstandig te word – waar jy kies om sterk te staan teen die aanslae van die lewe met 'n onwrikbare krag? Ek dink daar is talle voorbeelde in die Bybel waar mense teen enige logika in sterk gestaan het vir dít waarin hul glo. Dink maar aan die ongelooflike storie van Daniël in die leeukuil of die kleine Dawid teen die reuse Goliat. Ek stel myself voor dat daardie mense se broekspype gebewe het, maar dat hulle steeds met durf en waagmoed voor hul vyande (of uitdagings) gestaan het met die wete dat die Here hulle nooit ooit alleen sal los nie.

*Spreuke 27: 21 leer ons soos silwer in vuur en goud in die smeltoond gelouter word,*
*so word 'n mens se karakter in die harde leerskool van die lewe gevorm.*

Ek dink hier teen die einde van die jaar moet ons vir onsself 'n lansie breek dat ons absoluut ons beste gedoen het hierdie jaar om gesond te word. Vir party van ons neem dit 'n bietjie langer, en dis goed so. Daar is nie 'n sperdatum nie. Ons word deur die stampe en die stote van die lewe gevorm om al meer sagtheid te ontwikkel, maar ook die moed te kry om die lewe te oorleef!

Kyk daardie wenslysie en jou nuwejaarsvoornemens vierkantig in die oë en neem die stappe met elke greintjie energie in jou om hierdie jaar te oorwin. Dis nog nie te laat nie! Tiek af jou lysie en oorwin jou omstandighede. Word weerstandig teen die aanslae van die lewe – jy KAN! Want jy is nie alleen nie. Daar is 'n hele gemeente wat jou van die kantlyn af aanmoedig en 'n almagtige God wat jou nie een oomblik alleen los nie.

Ons sien uit om jou ongelooflike storie te hoor wanneer jy aan die ander kant uitkom!

Weltevreden-groete

Saret Britz
Gemeentebestuurder